Danie Mouton

From: Jan Coetzee [jancoetzee@absamail.co.za]
Sent: 22 Oktober 2007 16:58
To: dwmouton@telkomsa.net
Subject: Terugvoer Kerkhereniging

TERUGVOER: KERKHERENIGING NG PE SIONSRAND

A. GESPREKKE SELF.

1. **Kerkraad**
2. **Lidmate saam met Kerkraad**
3. **Lidmate individueel (elke lidmaat het opsomming ontvang en insae in volledige dokument was vir almal beskikbaar met dekbrief om proses te verduidelik. Skriftelike kommentaar is ook gevra)**

B. KONFESSIONELE BASIS.

1. **Skrif plus 3 belydenisskrifte**
2. **Belhar nie as 4 de belydenisskrif nie. Nie nou en ook nie later nie. Miskien as belydsdokument soos Oos Kaap reeds besluit het.**
3. **Belhar moet nie afgeforseer word nie(veral by Kweekskole)**
4. **Geen probleme met inhoud van Belhar**
5. **Dr. Allen Boesak is verkeerde persoon wat goeie saak probeer bevorder. Daar word te veel polities en andersinds aan hom gekoppel.**

C. MODEL.

1. **Redelike tevredenheid met voorgestelde model.**
2. **Sou graag wou he dat NG Kerk se Algemene Sinode nog bly voortbestaan om sekere sake rakende NG Kerk te hanteer.**
3. **Die nuwe Sinode wel totstand sal kom met Skrif en 3 belydenisskrifte as belydenisgronslag.**
4. **Gemeente hou van assosiaat-lidmaatskap.**
5. **Met enkele besware en nog onsekerhede, is gemeente eens dat daar groter samewerking moet wees en die eenheidstem is baie nodig.**

D. GESAMENTLIKE PROJEKTE.

1. **Daar is ongelukkig hier op plaaslike vlak baie min gesamentlike projekte. In ’n mindere mate saam met die RCA Calvary wat heerlik is.**
2. **Dit lyk vir ons na die beste manier om eenwording te bespoedig. Dit bring gemeentes op grondvlak saam en leer mekaar ken en vertrou.**
3. **Ons moet meer aandag hieraan gee.**

E. <u>VERSOENING.</u>

1. **Die gemeente is eens met die voorstelle rakende versoening en sal dit in gebed en plaaslik bevorder.**

F. <u>NUWE NAAM.</u>

Die gemeente verstaan dat daar dalk ’n nuwe naam vir die nuwe Algemene Sinode moet wees, maar daar is geen positiwiteit oor die verandering van die naam van die NG Kerk op grondvlak nie. Die naam moet asb. behoue bly.

Daar is moonlike individuele kommentaar wat nog skriftelik kom. Ek sal dit pos of fax.

Sterkte met verwerking,
Jan Coetzee
NG PE Sionsrand